

Elizabeth Mkandawire en
Selorm Dorlva

Die wêreld begin insien dat die sogenaamde gesig van landbou in Afrika vroulik is. In sommige dele van Afrika en Asië maak vroue tot 60% van die arbeid in landbou uit. Vroue produseer sowat 70% van Afrika se voedsel en hul bydrae tot Afrika suid van die Sahara se bruto nasionale produk is 21%.

Vroue boer vir huishoudelike gebruik, werk op plase om 'n inkomste te verdien, boer vir kommersiële redes en dryf handel. Nogtans het baie vroue, veral landelike vroue, beperkte toegang tot hulpbronne wat 'n boerdery 'n produktiewe onderneming kan maak.

Die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies skat dat indien vroue dieselfde toegang tot produksie-hulpbronne soos inligting, saad, uitbreidingsdienste, markte en tegnologie as mans gehad het, landbou-opbrengste op hul plase 20% tot 30% hoër kon wees. 'n Belangrike beperking wat vroue se toegang tot die hulpbronne verhoed, is hoe om hul huishoudelike verpligtinge, soos om kinders op te pas, te kook en skoon te maak, met hul landbou-aktiwiteite te balanseer.

Dikwels kan vroue nie lang reise onderneem om toegang tot markte te kry waar hulle hul produkte kan verkoop of insette kan koop (kunsms, saad, ens.) nie. Hulle kan ook dikwels nie lank van hul huise weg wees om aan landbou-opleiding deel te neem nie.

Maar voortgesette innovasie en nuwe tegnologie kan hul reistyd verminder om toegang tot markte en ander hulpbronne te kry wat nodig is vir die verhoging van landbou-produktiwiteit.

Vroue gevier

Die tema van Internasionale Vrouedag wat vanjaar op 8 Maart gevier was, was: "Digitalisering: innovasie en tegnologie vir geslagsgelykheid."

Digitalisering neem stelsels en prosesse en pas hulle aan om deur rekenaars bedryf te word. Digitalisering maak dus ingewikkelde prosesse eenvoudiger om te bestuur. Byvoorbeeld, in stede daarvan om 'n taxi-maatskappy te skakel om 'n afspraak te maak, neem meeste mense hul selfone uit en reël vervoer via 'n e-roep ("e-hailing")-app. Sulke tegnologie kan vroue-boere se toegang tot markte en opleidingsdienste verbeter. Stel jou voor dat 'n vroueboer in 'n afgeleë gebied in staat is om haar selfone te gebruik om 'n Uber-aflewering te reël vir kunsms, of haar produk kan verkoop deur 'n app te gebruik wat haar binne sekondes met 'n koper verbind.

Tegnologie is fundamenteel vir die verbetering van vroue se landbouproduktiwiteit, maar in die ontwikkeling van sulke tegnologie moet ons vroue se maatskaplike en kulturele konteks in gedagte hou.

As voorbeeld: selfone het uitgebreide reikwydte in Afrika en bereik selfs die mees afgeleë gebiede. Wêreldwyd voorsien selfone belangrike inligting oor landbou, vroeë waarskuwings oor rampe, en so meer.



Foto: UNSPLASH

Outomatisering en digitalisering bied geleenthede vir landbouvroue

Maar data-opnames van 2017 wys dat in sub-Sahara Afrika vroue 14% minder moontlik 'n selfoon as mans sal besit en 25% minder moontlik toegang tot die internet het.

In 'n onlangse studie wat deur die Navorsingsnetwerk vir Voedselstelsels vir Afrika (FSNet-Africa) se navorsings-span in Ghana onderneem is, is daar bevind dat nie baie mense toegang tot selfone het nie. Terwyl digitalisering in landbou die ideale oplossing is, sal dit tyd neem om dit 'n werklikheid vir baie landelike Afrika-gemeenskappe te maak.

Alternatiewe tegnologie

Daar is redelik maklike maniere om digitalisering in samewerking met outomatisering te bevorder. Outomatisering maak



Die wêreld begin insien dat die sogenaamde gesig van landbou in Afrika vroulik is. Vroue produseer sowat 70% van Afrika se voedsel.

dit makliker om bestaande gereedskap te gebruik.

As voorbeeld kan 'n mini-dorsmasjien gebruik word om te oes, eerder as deur 'n sekel. Dit maak die oesproses nie net minder uitputtend nie, maar

ook baie doeltreffender.

'n Ander voorbeeld is 'n rysmeule wat baie hande-arbeid vir sy werking verg. By 'n tipiese rysmeule sal vroue die rys in sakke inneem en dan die proses voltooi.

Indien die rysmeule geoutomatiseer was, sou die proses doeltreffender wees, want dit neem minder tyd en arbeid om die rys in sakke te kry.

Outomatisering is relatief makliker om in te stel as digitalisering. Die vlak van tegnologie sowel as die aanvangskapitaal is minder.

'n Eenvoudige sproeier wat vir pesbeheer gebruik word, kan geoutomatiseer word om te verseker dat die werking nie hande-arbeid verg nie, maar die installering van sensore vir die digitalisering van die aanwen-

ding van chemikalieë sal koste-intensief wees.

Daar is meer belegging in digitalisering nodig as vir outomatisering, want laasgenoemde kan makliker bereik word deur bestaande toerusting aan te pas of te verbeter.

Al twee tegnologieë sal 'n mate van opleiding verg voordat hulle gebruik kan word, maar outomatisering sal makliker aanvaar word, want toerusting en werktuie word gebruik waarmee gemeenskappe reeds vertrou is.

Insgelyks, om bestaande geoutomatiseerde tegnologieë aan te pas vir gebruik deur vroue, kan hul gebruik van tegnologie makliker maak en só ook produktiwiteit verbeter.

Laaste sê

Die studie in Ghana het, byvoorbeeld, gevind dat dit maatskaplik onaanvaarbaar vir vroue is om 'n skoffelploeg (vir die voorbereiding van grond, saai, sowel as die toevoeging en sproei van kunsms, onkruiddoeders en water) te gebruik weens die vlak van vibrasie en die fisiese inspanning in die hanteling van hierdie toerusting. Gevolglik besit vroue in die algemeen nie hierdie toerusting nie, want dit is nie kultureel aanvaarbaar nie.

Outomatisering sowel as digitalisering kan die uitdagings wat verband hou met vroue se gebruik en besit van sulke tegnologieë, verminder deur die maatskaplike aanvaardig daarvan te verhoog. Maar outomatisering sal dit meer kostedoeltreffend doen.

Die meganisme wat in motors vir kragstuur gebruik word, kan byvoorbeeld aangepas word vir gebruik in 'n skoffelploeg. Hierdie tegnologie maak dit vir mans en vroue makliker om met 'n skoffelploeg te werk en sal dit vir vroue kultureel meer aanvaarbaar maak.

Digitalisering, daarenteen, sal nuwe toerusting, toegang tot slim tegnologie en opleiding in hoe om die tegnologie te gebruik, nodig he.

Wyl digitalisering vir vroue in landbou noodsaaklik is, dui die huidige konteks in Afrika daarop dat dit tyd en betekenisvolle beleggings sal neem om dit te bereik.

Ter aanvulling tot pogings om te digitaliseer, sal die tegnologie en innovasie van outomatisering vroue se produktiwiteit en landbou-opbrengs vinniger en goedkoper verhoog.

'Terwyl ons daarna mik om die "digitALL"-standaard te haal – waar daar gelyke toegang tot digitale innovasie en tegnologie vir almal is – moet ons voordeel trek uit makliker maniere wat vroue intussen kan ondersteun.

Dr. Elizabeth Mkandawire, van die Universiteit van Pretoria (UP), is die netwerk- en navorsingsbestuurder van die Navorsingsnetwerk vir Voedselstelsels vir Afrika (FSNet-Africa). Dit is 'n samewerkende projek tussen die UP, die Universiteit van Leeds en die Voedsel, Landbou en Natuurlike Hulpbronne-netwerk vir Beleidanalise.

Dr. Selorm Dorlva is 'n lektor in die departement van landbouingenieurswese aan die Universiteit van Ghana en 'n genoot van die FSNet-Africa projek.